## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

### VRAAG 5.1

### TEKS F: ARTIKEL

**SKOOL WAAR DIE LIGTE NIE WIL AFSKAKEL NIE**

'n Skool in Amerika se (5.1.1) (7 000) ligte brand al vir 'n jaar en 'n half lank dag en nag. (5.1.2) (Niemand kan dit afskakel nie.)

'n (5.1.3) (Rekenaarfout) in Augustus 2021 het dit onmoontlik gemaak om die ligte by die Minnechaung Regional High School in Massachusetts af te skakel. Die (5.1.4) (begin) is dalk in sig.

(5.1.5) Aaron Osborne, 'n finansiesbeampte van die skool, sê: “Dit kos die belastingbetalers baie geld. Hy beraam die fout kos duisende dollar (5.1.6) (…) maand.

(5.1.7) Hulle wou nie die rekenaarbediener herstel nie, want die maatskappy is onder nuwe bestuur geplaas. Daar was ook 'n probleem om die (5.1.8) (nodige) onderdele te bekom. Dié probleem is selfs op (5.1.9) (televisie) bespreek en het veral die aandag van die satiriese *Saturday Night Live*-televisieprogram getrek. Die (5.1.10) (aanbied) het gegrap: “Dit gaan goed met die skoliere, maar die klaskamer-hamster word mal.”

(5.1.11) Onderwysers het gloeilampe in klaskamers verwyder. (5.1.12) Dit is 'n poging (krag bespaar).

Onderdele het uiteindelik opgedaag en 'n ‘sagteware-oorskakeling’ is geskeduleer, maar dit gaan (5.1.13) (duur) wees om die krag af te skakel. Beamptes reken dit sal (5.1.14) (…) tussen R1,3 miljoen en R1,4 miljoen kos om die ligte te vervang.

[Verwerk uit *Maroela Media*, 31 Januarie 2023]

5.1.1 Skryf die GETAL **7 000** uit as 'n woord. (1)

5.1.2 Skryf die sin hieronder oor in die VERLEDE TYD.

Niemand kan dit afskakel nie. (1)



LIVEWORKSHEETS

5.1.3 Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

'n (Rekenaarfout) in Augustus 2021 het dit onmoontlik gemaak om die ligte by die Minnechaung Regional High School af te skakel. (1)

5.1.4 Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Die (begin) is dalk in sig. (1)

5.1.5 Skryf die sin hieronder in die ONTKENNENDE VORM.

Dit kos die belastingbetalers baie geld. (1)

5.1.6 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Hy beraam die fout kos duisende dollar … maand. (1)

5.1.7 Vervang die VOEGWOORD **want** met **omdat** en skryf die sin korrek oor.

Hulle wou nie die rekenaarbediener herstel nie, **want** die maatskappy is onder nuwe bestuur geplaas. (1)

5.1.8 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Daar was ook 'n probleem om die (nodige) onderdele te bekom. (1)

5.1.9 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Dié probleem is selfs op (televisie) bespreek. (1)

5.1.10 Vorm 'n PERSOONSNAAM van die woord tussen hakies.

Die (aanbied) het gegrap: "Dit gaan goed met die skoliere, maar die klaskamer-hamster word mal." (1)

5.1.11 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Onderwysers het gloeilampe in klaskamers verwyder. (1)

5.1.12 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF oor.

Dit is 'n poging (krag bespaar). (1)

5.1.13 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Onderdele het uiteindelik opgedaag, maar dit gaan (duur) wees om die krag af te skakel. (1)

5.1.14 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

Beamptes reken dit sal … tussen R1,3 miljoen en R1,4 miljoen kos om die ligte te vervang. (1)

Kopiereg voorbehou 

LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 5.2**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Bron: https://rb.gy/hpvj6q]

5.2.1 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Die *(clown)* het 'n ballon in sy hand. (1)

5.2.2 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Hy wil die toeskouers (welkom/verwelkom) (1)



LIVEWORKSHEETS

5.2.3 Skryf die volgende sin oor en verbeter die WOORDORDE.

Die kulkunstenaar het (vinnig)('n haas)(vandag) uit sy hoed getrek. (1)

5.2.4 Vorm 'n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Die mense klap hande vir die (spring) tier. (1)

5.2.5 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die olifant balanseer homself op 'n (bal). (1)

5.2.6 Kies die korrekte SPELLING tussen hakies.

Die (seeleeu/seeleu) wys vir die mense wat hy kan doen. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

LIVEWORKSHEETS